Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 12. Kaapstad, 19 November 1952. Prys 3d. Nr. 1.

# OPROEP VIR SAAMTREK VAN O.B.-OFFISIERE

**Dr. F. D. du T. van Zyl het die hoofoffisiere van die Ossewabrandwag in Kaapland opgeroep na 'n belangrike en buitengewone vergadering van die Kaaplandse Beheerraad wat gehou sal word in die Ebenezersaal, Voortrekkerweg, Maitland (langs N.G. Kerk) op Saterdag, 13 Desember vanaf 10-uur in die oggend.**

Die doel is om aan die offisiere die voorgenome plan van optrede in 1953 voor te lê; goedkeuring daarvoor te kry; en, boweal, besluite te neem ten aansien van die uitvoering daarvan.

Dit is noodsaaklik vir die welslae van die doeleindes van die vergadering dat die Beheerraad volkome verteenwoordigend van die offisierskorps van die Ossewabrandwag in Kaapland sal wees. Daarom word benewens die hoofgeneraals, hoofkommandante(s) en generaals ook ander offisiere uitgenooi. Generaals kry verlof en opdrag om hul hoofkommandante, assistent-hoofkommandante, kommandante(s) uit te nooi en saam te bring na die vergadering.

In der waarheid, sal op hierdie vergadering die voortsetting van die stryd in Kaapland vir die partylose republiek beplan word; en dr. Van Zyl, die Kaaplandse leier, rig die ernstige versoek aan al die betrokke offisiere om, onder enige omstandigheid, die vergadering by te woon.



Dr. F. du T. van Zyl

Alle politieke berigte is geskrywe deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad

# MOET BEGIN BY REPUBLIEK

**Met die eenparige uitspraak van die Appèlhof wat die instelling van die Hoë Hof van die Parlement ongeldig verklaar het onder meer op grond van die feit dat die parlement nie bevoeg is om in 'n ander hoedanigheid (as hof) te doen wat hy nie by magte is om as wetgewende raad te doen nie, het die stryd oor die verskanste klousules voorlopig geëindig in 'n nederlaag vir die regering.**

**Dr. Malan het aangekondig dat hy hom nou gaan beroep op die „eintlike gesag, die eintlike soewerein bokant die parlement en die howe." By die algemene verkiesing wat in April gehou sal word, sal die regering sy plan aan die volk voorlê, wat sal verseker dat die howe geen toetsingsreg het nie en dat die volk soewerein is.**

**Wat hierdie plan is, bly voorlopig die regering se geheim. Dit is egter te hope dat die regering nie weer met lapmiddels voor die dag sal kom waarmee hy hom tog maar net telkens vasloop nie. Die enigste uitweg uit die doolhof is om 'n grondige republikeinse omwenteling teweeg te bring wat breek met die Britse konneksie en met 'n splinternuwe grondwet kom.**

In plaas van 'n versekering aan die Britsgesindes in 1948 te gegee het dat die verkiesing nie oor 'n republiek gaan nie, moes dr. Malan sy republikeinse arm vry gehou het en ná sy oorwinning uitvoering gegee het aan sy beleid van 1941 waarin hy die republiekwording van Suid-Afrika as toekomsbeleid van sy party voorgehou het. Veel groter beroering as wat op ekonomiese en politieke gebied veroorsaak is deur die blote feit van sy oorwinning en veral as gevolg van sy aanslag op die verskanste klousules, sou nie plaasgevind het nie. Daar kon nouliks meer geld die land uitgestuur geword het, en met die abdikasie-gees van die destydse Britse Arbeidersbewind, wat Ierland geluk gewens het met sy uittrede uit die Statebond en Indië verwelkom het as republiek binne die Statebond, sou ons nie juis bevrees hoef te gewees het vir amptelike Britse vyandskap nie.

In Suid-Afrika sou hoogstens 'n Torch Commando in verset tot stand gekom het, maar om wat te maak? Tans gebruik hierdie beweging die republikeinse ideaal as gogga om die Engelssprekendes op loop te jaag, en wel oor hul taalregte. 'n Republiek as voldonge feit, met erkenning van die Engelse taalregte, sou alle wind uit hul seile geneem het — wind wat die regering nou in sterk mate by die volgende verkiesing teen te kampe sal hê.

'n Republikeinse omwenteling — wegbreking van die Britse konstitusionele tradisie en gesag — is die enigste metode om los te kom van Britse beperkinge. En in 'n republikeinse staat, op die partylose grondslag van die Transvaalse Republiek, sou daar ook geen moeite ondervind gewees het om 'n maatreël oor kleurskeiding met 'n tweederdemeerderheid aangeneem te kry nie want partysetels sou dan nie op die spel gewees het nie.

**REGTER SE UITSPRAAK**

In die lig hiervan is die woorde van regter F. P. van den Heever miskien van besondere betekenis waar hy verklaar: **Die parlement soos gewoonlik saamgestel het voorasnog nie daardie mag (om die Kaapse stemreg te verander) effektief en finaal in 'n revolusie aangeneem nie nòg het die parlement in gesamentlike sitting en met die vereiste meerderheid die mag verleen.**

**„Daar is geen ander denkbare bron van so 'n mag nie," het die Regter gesê.**

**'n Republikeinse omwenteling deur die volk se wettig verkose verteenwoordigers is so 'n bron van mag. Dit bied nie alleen 'n oplossing aan die regering nie, maar dit bied 'n oplossing vir die volksverdeeldheid wat die oplossing van ons kleurvraagstuk in alle opsigte in die weg staan.**

Buitendien het die Britse regering reeds in 1926 te kenne gegee dat hy so 'n republikeinse revolusie sal toelaat, en het hy in 1949 so 'n republikeinse revolusie in die geval van Ierland met gelukwensinge begroet.

## Rooi Bewind Delg 14 Milj. Sjinese Uit

**Meer as 14 miljoen Sjinese is reeds deur die kommunistiese bewind van Mao Tse-toeng om die lewe gebring volgens syfers wat die Amerikaanse Federasie van Arbeid saamgestel het uit beskikbare gegewens soos spioenasie-diens, kommunistiese koerante en dokumente.**

**Van die vermoordes was 4,970,000 grondeienaars en leidende dorpsfigure, 2,950,000 „nasionale reaksioneres", 2,600,000 „bandiete", 875,663 „verraderlike handelaars", 2,127,640 slawe-arbeiders wat in die Rooi Leër gedruk is en hulle doodgewerk het of afgemaai is in „menslike see"-aanvalle. Die res van die dooies bestaan uit krygsgevangenes en 81,000 „verdagtes wat verkeerdelik deur oorwerige kommissarisse tereggestel is."**



DIE O.B., WOENSDAG, 19 NOVEMBER 1952

# £100 MILJ. VIR MEER NEW BRIGHTONS?

Om die stedelike naturelle van huise te voorsien sal die Unie jaarliks 'n bedrag van £10,000,000 kos vir die volgende tien jaar, het dr. Meiring Naudé, voorsitter van die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing verlede week in Pretoria gesê.

Daar is deur die departement van naturellesake bereken dat die naturelle 167,328 huise op die oomblik nodig het en dat 'n verdere 185,000 binne die volgende tien jaar benodig sal wees. Verlede jaar is daar maar 7,911 huise vir naturelle in die Unie gebou, terwyl die behoefte 35,000 huise per jaar is.

Die syfers wat hierbo genoem word, behoort diegene wat so ligtelik van die naturel se aandeel in die blanke ekonomie praat, tot nadenke te stem. 'n Paar maande gelede het dr. H. F. Verwoerd, minister van naturellesake, in Mayfair verwys na die noodsaaklikheid van die verskuiwing van sekere naturellelokasies aan die Rand na ander plekke in die stedelike omgewing. **Op die vraag waarom daar nog nuwe lokasies aangelê moet word, het hy geantwoord: „Die naturelle is hier en ons moet hulle dus voorsien van beplande, ordelike lokasies waar siektes behoorlik beheer kan word."**

**As ons gebruik wil maak van die naturel se arbeid in ons stede, is dit duidelik dat ons vir hom dorpe moet verskaf om in te woon. Volgens dr. Naudé sal dit ons binne tien jaar £100,000,000 kos net aan huise. Wat gaan die ander dienste in die lokasies kos — sanitasie, beligting, ensovoorts?**

**Van die totale aantal naturelle in die stede is, volgens 'n amptelike opname, 47 persent nie in staat om huur te betaal nie of self in hul noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien nie, en kan 13 persent slegs gedeeltelik huur betaal.**

Die blanke belastingbetaler sal dus 60 persent van die uitgawe aan naturellewoonbuurtes moet beskou as onproduktiewe geldbesteding.

**BETER BELEGGING**

Indien hierdie geld — wat in die volgende tien jaar saam met behuising en ander dienste seker ver oor die £100,000,000 sal beloop, aangewend sou word vir die ontwikkeling van naturellegebiede, sou dit nie alleen 'n produktiewe belegging gewees het nie, maar sou dit grootliks kon bygedra het om die spanning wat tans in naturellelokasies teen die blankes oploop en in doodslag en brandstigting tot uiting kom, aansienlik te besweer.

**Is die goedkoop naturelle-arbeid inderdaad so goedkoop wanneer die blanke belastingbetaler die nyweraar se „lae" lone moet aanvul teen 'n koers van £10,000,000 per jaar net aan behuising alleen?**

**En hoeveel van hierdie huise en geriewe word periodiek deur oproermakers afgebrand? In een naweek is in twee stede alleen meer as £100,000 se geboue afgebrand.**

**Is ons op hierdie wyse nie besig om die naturellevraagstuk te subsidieer teen £10,000,000 per jaar nie? Die enigste werklike oplossing is immers net algehele skeiding op territoriale grondslag.**

# Kleurstorie Van V.V.O.-Liggaam

**Daar bestaan nie so iets as 'n suiwer ras nie, geen ras is beter as 'n ander een nie, en vermenging sal uiteindelik plaasvind, verklaar die V.V.O. se opvoedkundige, wetenskaplike en kulturele vereniging in 'n pamflet wat opgestel is vir algemene voorligting.**

Die pamflet verklaar dat die mense almal uit een donkervellige ras stam en dat 'n reeks ingewikkelde prosesse tot die drie verskillende rasse (Negers, blankes en Mongole) gelei het. Nie die bloed nie, dog klein kerndeeltjies (genes) dra die eienskappe oor op nakomelinge. In prehistoriese tyd het die genes wat vir kleur verantwoordelik is verander met die gevolg dat die kleur ligter, donkerder of geler geword het. Weens afsondering van die groepe het die lede ondertrou en sodoende het die huidskleur tot een groep beperk gebly. Vandag is daar nie meer afsondering nie en moet dit daartoe lei dat die kleurgroepe op die ou end sal vermeng. Tot sover die pamflet.

**JOODSE INVLOED**

Een van die eienaardighede van liberalistiese Jode is dat hulle gewoonlik die sterkste voorstanders van rassevermenging is, maar dat hulle self met nougesetheid hul Jodeskap bly handhaaf. Hierdie pamflet is klaarblyklik deur sulke Jode opgestel.

Soos onlangs in ons blad berig, bestaan die V.V.O. se vereniging vir opvoedkunde, wetenskap en kultuur uit die volgende Jode: A. Sommerfield en P. Carneiro (twee van die vier uitvoerende lede), met eersgenoemde as voorsitter van die uitvoerende komitee vir internasionale betrekkinge; J. Eisenhardt (direkteur van die afdeling heropvoeding); mej. Luffmann (hoof van die afdeling opvoeding); H. Kaplan (hoof van die politieke inligtingsburo); C. H. Weitz (hoof van die beheerkantoor); B. Selsky (hoof van die personeelafdeling); B. Abramski (hoof van die huisvesting- en reisafdeling); D. A. Welsky (direkteur van die afdeling Suid-Asië).

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Grootte van die Kroningskontingent*

Hoe groot sal die kontingent van die Unie-verdedigingsmag wees wat aanstaande jaar na Londen sal gaan om die plegtige kroning van Elizabeth die Tweede as Koningin van Groot-Brittanje en haar Dominiums en Kolonies by te woon? Dit is een van die vrae wat minister F. C. Erasmus sal moet beantwoord wanneer hy binnekort terugkeer uit Korea. Die minister het besoek gaan aflê by die Suid-Afrikaanse lugeskader wat so 'n skitterende aandeel het aan die V. V. O.-oorlog in die Verre Ooste; en die minister se besoek aan die slagveld het saamgeval — ek weet nie of dit toevallig was nie — met die V.V.O. se bitsige aanvalle op Suid-Afrika in New York.

### *Indiese „Dapperheid"*

Tussen haakies. Waarom het niemand nog vir Pandit Nehru, Eerste Minister van Indië, gesê om eers jong Indiërs na die V.V.O. se slagvelde in Korea te stuur voordat hy Suid-Afrika so kwaadwillig in die veilige raadsale van die liggaam in New York aanval nie? Het Indië dan nie meer belang by die V.V.O. se stryd teen agressie in die Verre Ooste as Suid-Afrika nie? En as Indië wegskram van die stryd teen kommunistiese agressie op die V.V.O. se slagvelde watter reg het hy dan om gebruik te maak van die V.V.O. se raadsale om Suid-Afrika te beskuldig van agressie teen Indiërs wat veilig en welvarend in ons land woon? En is dit nie 'n bietjie (of selfs 'n bietjie baie) vernederend vir Suid-Afrika om aan 'n V.V.O.-oorlog deel te neem terwyl die V.V.O. op vyandige wyse Suid-Afrika aanval en beskuldig nie? Ek vra maar net.

### *Van 44 tot 175*

Maar om terug te keer tot die vraag wat mnr. Erasmus moet beantwoord. Dit het nodig geword omdat die aantal offisiere en manskappe van die Aktiewe Burgermag, wat deel van die kontingent sal wees, in die tydperk van 21 dae aangegroei het van 44 tot 175. En as dit so moet aanhou tot aanstaande jaar toe dan sal al die gewapende magte van Suid-Afrika waarskynlik vir die kroning na die Empire se hoofstad gaan!

Op 15 Oktober vanjaar het die koerante berig dat mnr. Erasmus op Moorreesburg verklaar het dat 'n kontingent van die Unie-verdedigingsmag, bestaande uit 142 lede, vir die kroning na Londen sal gaan! Die minister het toe gesê dat die Staande Mag 12 offisiere en 42 ondergeskiktes sal stuur; die Aktiewe Burgermag en die Skietkommandos elk 8 offisiere en 36 ondergeskiktes. Daarbenewens sal 37 lede van die S.A. Polisiemag by die kontingent gevoeg word.

### *Die Kontingent teel aan*

Let wel. Op 15 Oktober sou 44 lede van die Aktiewe Burgermag na Londen gaan.

Op 5 November 1952 het die hoof van die Generale Staf, luit-genl. C. L. de Wet du Toit in Durban verklaar dat die Aktiewe Burgermag 175 lede na Londen sal stuur vir die kroning. Gelukkig het hy darem bygevoeg dat dit die grootste groep van die Suid-Afrikaanse kontingent sal wees. Maar die vraag is nou: Hoeveel lede van die Staande Mag en van die Skietkommandos sal na Londen gaan?

### *M.O.T.H.'s en B.E.S.L.*

Maar die aanteelvermoë van die kroningskontingent is nog nie uitgeput nie. Die koerante het onlangs berig dat die kabinet goedkeuring geheg het aan die voorneme om ook oud-gediendes by die kontingent te voeg. Dit beteken dat lede van die Suid-Afrikaanse takke van die M.O.T.H. (Memorable Order of Tin Hats) en die B.E.S.L. (British Empire Service League) die getalle van die kontingent sal aandik.

Minister Erasmus sal ook in hierdie verband besonderhede moet verstrek.

Maar nog is dit nie die end nie. Daar is by die kabinet aansoek gedoen dat nie-blanke oud-gediendes, waarskynlik Kleurlinge en naturelle, ook as lede van die kroningskontingent na Londen gestuur word. Sover my bekend is oorweeg die kabinet nog hierdie versoek en het hy darem nog nie sy goedkeuring daaraan geheg nie. Waarskynlik sal mnr. Erasmus die regering se beslissing moet bekendmaak.

### *Kontingent word al Bonter*

Sonder die nie-blanke lede is die kontingent al bont genoeg; met die nie-blanke lede sal dit waarskynlik darem te bont word. Die kabinet sien waarskynlik nog kans om die O.B.-offisier en die N.P.-groepsleier, wat lede van die Skietkommando is, saam met die lojales van die M.O.T.H.S. en die B.E.S.L. vir die kroningsplegtigheid na Londen te stuur — maar blykbaar darem nie om teruggekeerde Kleurling- en naturelle-soldate ook by die geselskap in te sluit nie. Ek kan die huiwering van die kabinet baie goed verstaan.

### *Ek gesels met mnr. Erasmus*

Nou wil ek graag 'n bietjie gesels met mnr. Erasmus — van man tot man; Afrikaner tot Afrikaner:

Mnr. Erasmus, wanneer u nasionale Afrikaners op die platteland of elders toespreek verduidelik u dat die Afrikaners van ons geslag, op militêre gebied, 'n agterstand het wat ingehaal moet word. Die roemryke militêre prestasies van die voorouers sou by voorbaat reeds 'n ere-plek toegeken het aan hul nageslag in die Unie se Verdedigingsmag. U wil graag toesien dat die Afrikaners daardie plek volstaan.

### *Verowering van Britse Vesting*

U verduidelik u voorts dat die Afrikaners die Unie se Verdedigingsmag vermy het, hoofsaaklik om politieke redes, want hulle insiens was die mag in die verlede misbruik om Brittanje se oorloë te help voer. Dit het tot gevolg gehad dat die Mag eintlik afgesonder is vir Engelstaliges en Engelstalig geword het. Soveel so dat die Nasionaalgesinde Afrikaner hom 'n vreemdeling daarin gevoel het. U wil nou die ewewig herstel, so beduie u, ook ten aansien van die Afrikaanse taal en die Afrikaner tot sy reg laat kom op die militêre gebied. U stel dit voor asof daardie gebied nog 'n Britse vesting is waarvan die Afrikaner, ten lange laas, onder u leiding, sy regmatige deel moet verower. En wanneer u van hierdie „verowering" praat het u veral die Skietkommandos in gedagte.

Ek dink ek het u verklarings, soos u dit aan Afrikaners stel, billik weergegee.

### *Ons Rol in Brittanje se Oorloë*

Maar, mnr. Erasmus, hoe vergelyk u woorde met u dade?

Ek wil u die pluimpie maak dat u besig is om die ewewig ten aansien van die Afrikaanse taal op die militêre gebied te herstel — maar ongelukkig soek ek nog tevergeefs na 'n Afrikaanse gesindheid op daardie gebied. Inteendeel ek tref daar 'n hinderlike Britse gedienstigheid aan.

Die taak en die rol van die Unie se Verdedigingsmagte in 'n komende oorlog, waarby Brittanje betrokke mag wees, is op Britse Empire-konferensie bepaal en voorgeskryf.

U het self op die Empire-konferensies in Nairobi en Londen die Suid-Afrikaanse magte se „swaar verpligtinge" in Afrika en die Midde-Ooste onderneem. Trouens dit is u wat die Unie se grense vasgestel het as synde die agt-en-dertigste breedtegraad in Korea!

So vèr verwyder van huis en haard het selfs wyle genl. Smuts nie gegaan om aan Brittanje se oorloë deel te neem nie.

### *Afrikaners moet rou*

En u, mnr. Erasmus, is die man wat bevel gegee het dat lede van die Skietkommandos, wat in volle uniform is, roubande moet dra toe die Britse koning gesterf het! Op die manier sal die Afrikaner ongetwyfeld nie sy regmatige deel van die militêre terrein verower nie; inteendeel, hy sal self op daardie terrein verower word. En dit is mos nie wat u en ek wil hê nie. Nie waar nie?

### *Koning-verering*

Boonop wil u nou verteenwoordigers van die nasionale Afrikaners in die Skietkommandos stuur om die kroningsplegtigheid in Londen te gaan bywoon. Waarom wil u dit doen? Waarom moet die Afrikaner se deelname op die militêre gebied op die grondslag van koning-verering geskied? Dink u nie, mnr. Erasmus, dat duisende Afrikaners ontuis sal voel in u Verdedigingsmag, as dit die gesindheid is wat u verwag dat hulle daar moet openbaar nie?

Ek is bly dat die Afrikaanse taal tot 'n mate tot sy reg kom in die Verdedigingsmagte van die Unie maar ek is bitter spyt dat die Afrikaanse gesindheid ook nie daar tot reg kom nie. Net soos die mens die duiwel in enige taal kan dien — net so kan die Afrikaner die Britse Empire oftewel die Britse statebond ook in Afrikaans dien. En juis hierteen — boweal hierteen — moet Afrikaners in hul pasoppens bly.

Indien die Afrikaanse gesindheid op die militêre gebied nie tot openbaring kom nie sal daar hoegenaamd niks tereg kom van die verowering van nog 'n Britse vesting deur die Afrikaner nie.

Laat ons maar reguit praat, mnr. Erasmus: U woorde is nasionaal, maar u dade is Brits, nie waar nie?

# V.S.A. - VERKIESING BIED TWEE LESSE AAN S.A.

**Twee Afrikaanse koerante hou die uitslag van die Amerikaanse verkiesing voor as 'n les vir Suid-Afrika. Die een beklemtoon die feit dat geen party blywend in die kussings bly nie, en die ander die grootmoedigheid waarmee die teenstanders mekaar na die verkiesing bejeën het in belang van die gemeenskaplike vaderland. *Dagbreek* verklaar in 'n hoofartikel dat die Demokrate 'n skouspelagtige kandidaat gehad het, maar dat die deurslaggewende faktor teen hom die feit was dat sy party reeds twintig jaar regeer het. Die blad verklaar voorts:**

„Dié les moet dan 'n tweede tuisbring. **Dit is dat 'n regering in 'n demokratiese land altyd so te werk moet gaan dat hy gerus kan voel dat sy teenstanders eendag dieselfde kan doen sonder dat die staat se politieke stabiliteit ondermyn, of basiese eienskappe van die samelewing aangetas word.**

Met ander woorde, daar is fundamentele dinge waarvan die bestendigheid nooit afhanklik moet wees van regeringsveranderings nie. En dis belangrik dat die bevolking geen twyfel daaromtrent voel nie. Alleen op dié basis is kiesers werklik geestelik vry, in teenstelling met vreesgebonde, om volgens oortuiging te kies tussen die beleid van een party en die ander.

„Ons sê 'n regering moet sorg dat daardie sekuriteitsgevoel by 'n bevolking nie ondermyn word nie. Maar dit is eweseer die opposisie-party of -partye se plig om te waak teen sulke ondermyning. Propaganda wat, net terwille van partyvoordeel, die indruk probeer verwek dat die grondveste van die staat bedreig word, beveg nie net die teenparty nie maar ondermyn die staat omdat dit die gemeenskap se geloof in sy eie stabiliteit vernietig."

### MANMOEDIGHEID

Die Vaderland wys op die vaderlandsliewende houding van die verslae kandidaat, en verklaar: „Die eerste Amerikaner wat Eisenhower met sy oorwinning gelukgewens het, was sy teenstander, Adlai Stevenson, wat hoflik verklaar het: ,Die volk het sy uitspraak gegee en ek aanvaar dit'. Op die Amerikaanse volk het hy 'n beroep gedoen om die nuwe President al die steun te gee wat hy nodig het vir sy taak.

„Graag sou ons hierdie raadgewings wou vasspyker waar ons Opposisie dit daagliks onder oë kan kry. Want anders as die verslane Demokratiese kandidaat weier die United Front nog volstandig om die demokratiese verkiesingsuitslag van 1948 as die uitspraak van die volk te aanvaar.

**„In 'n tyd waar ons al die wysheid, verdraagsaamheid en genade nodig het om ons besondere vraagstukke die hoof te bied, gaan ons Opposisie uit sy pad om die openbare mening hier en oorsee teen die wettigverkose landsgesag psigologies te vergiftig."**

„Mannetaal in die uur van nederlaag soos dié van goewerneur Stevenson veronderstel vaderlandsliefde en 'n suiwere begrip van burgerskap. Sou dit ydel wees om te hoop dat hierdie navolgenswaardige voorbeeld uit die Verenigde State die Verenigde Party in die aangesig van ons aandonkerende omstandighede nie sal ontglip nie?"

### DIE WARE REDE

**Die „navolgenswaardige voorbeeld" wat Die Vaderland voorhou, vind sy oorsprong nie in 'n beter onderlinge gesindheid by die Amerikaners as in Britse lande nie; dit vind sy grond in die verskil van regeringstelsel.** In Amerika speel die party 'n baie ondergeskikte rol vergeleke met sy teenvoeter in Britse lande. Weens die duidelike skeiding tussen wetgewende en uitvoerende gesag is die mag en dissipline van die politieke party daar veel geringer as in die Britse partystelsel waar die oorwinnende party 'n alleenheerser word met algehele miskenning en uitsluiting van die opposisieparty. **Hier is opposisieskap 'n beginsel. 'n doel op sigself, wat nagestreef word ook ná die verkiesing, terwyl dit in Amerika hoofsaaklik beperk word tot kandidaatstelling.**

**Ná die verkiesing staan die president onafhanklik van enige party-koukus en kan hy enige burger, lid of nie-lid van sy party, in sy kabinet benoem. In die wetgewende raad kan hy ondersteuning van sy teenparty net so maklik verwag en ontvang as wat hy teenstand van lede van sy eie party op die lyf kan loop.**

## VADERLANDLOSE OPSTOKER GAAN NA ENGELAND

**Die landlose kommunis, Simon Zukas, wat enige maande gelede deur die Rhodesiese geregshof beveel is om gedeporteer te word omdat sy gedrag nie bevorderlik is vir die vrede en orde van die gebied nie, sal Brittanje as nuwe vaderland ontvang. Die Britse regering het geen beswaar om hom te neem nie.**

Zukas, wat die blanke onderleier van die Noord-Rhodesiese African Congress was, sal waarskynlik heeltemal tuis voel in sy aangebode vaderland. Sy geesgenote sal hy in die boonste rakke van die politieke bestuurlike en maatskaplike lewe aantref.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### BETREKKING VAKANT

Motorwerktuigkundiges gevra. Skryf aan: VERMAAK SE MOTORHAWE, Posbus 54, Patensie, K.P. 5/11/4B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17. Vasco. K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1950—1951**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**


# KANADA LÊ HOM TOE OP EUROPEANE

**Kanada neem nog steeds twee keer soveel immigrante uit Europese lande in as uit Brittanje, volgens die jongste syfers wat deur die staat openbaar gemaak is. Vir die eerste nege maande van die jaar het daar meer as 60,000 immigrante uit Duitsland, Holland en Italië die land binnegekom teenoor 33,000 Britte.**

Altesame 23,000 Duitsers, 20,000 Hollanders en 17,000 Italiane het na Kanada in dié tyd ge-emigreer. Die Duitsers gaan hoofsaaklik as plaaswerkers, huisbediendes en geskoolde werkers.

Die Italiane wat na die platteland gestuur is vir plaaswerk, was nie 'n sukses nie. Hulle kan hulle nie aanpas by die vreemde boerdery-metodes nie, maar die geskoolde werkers in die stede aard goed, word berig.

## ERFPORSIE VIR EERW. SCOTT

'n Britse verpleegster wat selfmoord gepleeg het, Gertrude Webster, het 'n erfenis van meer as £6,000 nagelaat aan eerw. Michael Scott, „ten einde 'n beter verhouding tussen die blanke en nie-blanke rasse te bevorder." Sy het haar testament 'n paar dae voor haar dood opgestel.

## Kragsentrale Sal Atoomstof Brand

Brittanje is voornemens om die eerste atoomkragsentrale in die wêreld op te rig. Die planne is reeds gereed en sal aansluit by bestaande kragsentrales.

Uraan 235 sal gebruik word en elke atoomoond sal minstens 30 jaar neem voordat dit weer van brandstof voorsien hoef te word. Plutonium sal as neweprodukt geproduseer word.

Hoewel daar nie verwag word dat dit die prys van elektrisiteit sal verlaag nie, sal dit 'n groot hoeveelheid steenkool vrystel vir uitvoerdoeleindes.

Uit Washington word berig dat die V.S.A. met soortgelyke onderneming besig is.

## Braaivleisaand Op Brackenfel

**'n Braaivleisaand word op Saterdag, 6 Desember, gehou op die plaas van mnr. Sarel Maree, Eikendal, Brackenfel, Kaapstad.**

**Die funksie begin om 4-uur en die opbrengs gaan vir die republikeinse blad. Almal is welkom.**

# GRAFSTEEN VIR HELD VAN SPIOENKOP

Mnr. P. G. Kilian, Middelburg, Tvl. skryf:

Op of ongeveer 2 Februarie 1953, die sterfdag van ons onvergete held en kameraad, kaptein H. F. Slegtkamp (in lewe hoofgeneraal van die O.B.) sal die onthulling van sy grafsteen in die Middelburgse begraafplaas plaasvind.

Bewonderaars en belangstellendes het 'n mooi bedraggie bymekaar gebring om die koste van die grafsteen te dek, maar dit is egter nie voldoende vir die doel wat die komitee be-oog nie, en graag wil ons 'n beroep doen, nie allen op ons O.B.-kamerade nie, maar op almal wat die Held van Spioenkop ge-eer het, almal wat hom as 'n groot Afrikaner ge-eer het, om nog 'n bedraggie te stuur om die fonds stywer te maak.

Verdere reëlings in verband met die onthulling sal later bekend gemaak word, en intussen kan belangstellendes wat dit wil bywoon, voorsiening maak vir die bywoning daarvan.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

Alle bydraes en navrae moet asseblief gerig word aan mnr. H. C. Luitingh, Markstraat 32, Middelburg, Transvaal.

## RUBBERSTEMPEL VAN BRITSE KONNEKSIE BRA DUUR

Die koste om Australië se goewerneur-generaal te onderhou het geweldig gestyg.

Die jaarverslag van die ouditeurgeneraal meld dat die totale koste verbonde aan die kantoor van die goewerneurgeneraal vir die jaar wat op 30 Junie geëindig het, £82,000 was in vergelyking met £56,000 die vorige jaar.

Die goewerneur-generaal se salaris van £10,000 per jaar het vir die afgelope 50 jaar onveranderd gebly.

## PARTYPOLITIEKE BELOFTE NIE NAGEKOM

Winston Churchill, wat tydens sy verkiesingsveldtog 'n jaar gelede beloof het om hom te beywer vir 'n persoonlike ontmoeting met Josef Stalin in belang van wêreldvrede, is verlede week in die parlement voor singsbelofte nie nagekom het nie.

Op die vraag of hy al stappe gedoen het om 'n samespreking tussen hom, die Amerikaanse president en Stalin te reël, het hy verwys na sy vorige antwoord verlede maand, naamlik dat die geleentheid vir so'n samespreking verlore gegaan het.

**Op die vraag of die eerste minister en sy party nie baie duisende stemme op grond van sy belofte gekry het nie en of hy sal sê wat 'n paar weke na sy ampsaanvaarding hom van sienswyse laat verander het, het Churchill met 'n korte „nee" geantwoord.**


**BIED UITKOMS AAN ELKEEN**

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense vind
by

**SANLAM**

*die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy*

HOOFKANTOOR:
WAALSTRAAT 28.... KAAPSTAD.

***Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.***

S/ALG1

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**



# Naturelle is Bereikbaar Met Radiosendings

**Instemming met die standpunt wat Die O.B. 'n paar weke gelede gestel het in verband met bearbeiding van die naturelle in Afrika deur middel van radiosendings, word deur die rubriekskrywer van die Cape Times, Man on the Spot, betuig. Hy verwys met instemming na ons hoofartikel en beklemtoon die feit dat naturelle gretige luisteraars is. Ter stawing van sy bewering plaas hy 'n foto van naturellekinders by 'n skool in Kenia wat rondom 'n radiostel aandagtig na 'n nuusuitsending sit en luister.**

**„Die reisiger wat per motor deur die Transkei ry word getref deur die aantal windlaaiers by naturellehuise wat aandui dat daar 'n battery-radiostel binne in aan die werk is," verklaar die skrywer en vervolg: „In Noord-Rhodesië en Kenia het die Britse regering ,panradios' op groot skaal teen lae pryse aan die naturelle beskikbaar gestel.**

„Die foto is van naturellekinders by 'n sendingskool — almal lede van die Kikuyu-stam — wat inluister na 'n uitsending oor ,sake van die dag'. Watter soort ,sake van die dag' hoor hulle in Suid-Afrika?" Tot sover die Cape Times.

**B.B.C. HELP MOSKOU**

Die naturelle in Afrika sal wel die geleentheid hê om eersdaags na die Indiese sender in New Delhi te luister in hul eie taal. Intussen word diegene van hulle wat Engels magtig is — en daarvoor sorg die sendingskole — deur die British Broadcasting Company getrakteer op uitsendings wat aan 'n medewerker van die Daily Telegraph die volgende opmerking ontlok:

„In die afgelope maande het ek verskeie keer die aandag gevestig op B.B.C.-uitsendings in verband met Sjina en Korea wat die Kommunisme in 'n lig voorstel wat alles behalwe ongunstig is."

**PROPAGANDA**

Hy gaan dan voort om te verklaar dat Peter Abrahams, die Suid-Afrikaanse Kleurlingskrywer in Engeland, op 11 Augustus 'n praatjie oor die B.B.C.-radio gehou het „wat nie onvanpas oor die Moskouse radio sou gewees het nie."

**Daarin het hy onder meer vertel van 'n „pelgrimsreis" wat hy meegemaak het met Jomo Kenyatta en opperhoof Koinange, leiers van die Mau-Mau wat onlangs in hegtenis geneem is. Hy het aangehaal van laasgenoemde se gebed „aan die God van Abraham en Isak" om die witman heeltemal uit die hooglande van Kenia te laat wyk.**

**By hierdie soort propaganda van die B.B.C. sal New Delhi aanstaande jaar aansluit om die naturelle-gemeenskap in Afrika teen die blankes op te sweep. Gaan Suid-Afrika iets doen om dit met 'n eie radio-diens teë te werk?**

**NOG JARE WAG?**

Of die bestaande senders (byvoorbeeld die Afrika-sender) vir so 'n spesiale diens gebruik sal kan word, is 'n vraag, maar as dit nie kan nie dan is Suid-Afrika heeltemal laat. Daar is onlangs aangekondig dat die Uitsaaikorporasie nege kragtige senders bestel het vir 'n bedrag van £250,000. **Maar die bestelling is in Engeland geplaas, en die belofte is dat die eerste een eers oor twee jaar afgelewer sal word. Die ondervinding van die Spoorweë met Britse bestellings is, dat noodsaaklike goedere so lank as drie jaar na die beloofde afleweringsdatum nog nie afgelewer word nie. Dit is dus nog 'n ope vraag of die eerste sender oor twee of selfs drie jaar hier sal wees. Die agterstand van S.A. op hierdie gebied skyn bykans oninhaalbaar te wees.**

**VERKEERDE NAAM**

Weens 'n drukfout is die naam van die Sabra-referent oor die Indiër-vraagstuk, waarvan daar 'n opsomming verlede week in Die O.B. verskyn het, verkeerdelik aangegee as Coetzee. Dit moet wees prof.

## Tee-Aand

'n Tee-aand verlede Vrydagaand by mej. Aletta Cloete, kommandante van Bellville, het die mooi bedraggie van £5 1s.6d. ingebring ten behoewe van die blad.

Die tee-aand by mnr. Kotzé van Algoaweg, Milnerton, vind plaas op Vrydag, 21 November, en nie op Donderdag soos voorheen aangekondig nie.

# SKOUER AAN WIEL VIR DIE REPUBLIKEIN

**„Dis met blydskap dat ek verneem dat ons nou 'n uit en uit republikeinse blad gaan lees, en ek verlang om my deel by te dra en skouer aan die wiel te sit om die volkswa die hoogtes uit te kry," skryf mnr. A. S. Visser, Bloemfontein.**

„Waarom kan ons nie sommer nou uit die staanspoor 'n Republikeinse Bond stig nie," lui die brief verder. „Daar is tienduisende Afrikaners wat dit sal verwelkom. Dit sal die geleentheid skep vir selfs Engelse vriende wat die Afrikaner goed gesind is. Maar nog meer, dit sal alle Afrikaners, Sap en Nat, wat uitsien na ons republiek, saamsnoer in een hegte bond, want dit is die bindende faktor van eenheid dwarsdeur die Afrikanervolk. Die tere gedagte aan sy verlore republiek en sy geliefde Vierkleur vul die hart van elke doelbewuste volksgenoot; die verlies daarvan vul hom met weemoed en heimwee, en sy siel hunker na wat eenmaal sy eie was.

„Ek wil nie profeet speel nie, maar as 'n republikeinse bond tot stand moet kom, sal dit dié saak wees waarmee rekening gehou sal moet word. Dit sal ons volkslewe bestendig en die slappe knieë weer oprig vir die stryd en die gees van 1938 laat herleef."

Mnr. Visser sluit £3 by sy brief in as donasie aan Die Republikein.

'n Donasie van £5 is ook ontvan van mnr. A. P. Stemmet, Wakkerstroom-Wes, Robertson, £10 van mev. M. M. Theron, Tulbagh, en £2 van mnr. D. G. Steyn, Dullstroom.

# ONDERWYSER AGTER YSTERGORDYN HET OMVANGRYKE PLIGTE

In Suid-Afrika (en elders) is dit gewoonlik die liberaliste en die kommunistiese mede-reisigers wat die luiddrugstigste kla oor onderwysers wat aan die politiek sou deelneem. Sodanige onderwysers sou dan hul leerlinge „indoktrineer" met hul eie (moontlik verkeerde) politieke sienswyse — tot groot skade van die beginsel van akademiese vrydenkery. Maar in die lande agter die ystergordyn verplig die kommuniste die onderwyser om nie net leerkrag te wees nie, maar ook propagandis vir die kommunisme.

In **News From Behind The Iron Curtain** wat deur die Raad vir 'n Vrye Europa uitgegee word het 'n onderwyser — 'n vlugteling van agter die ystergordyn — 'n oorsig gegee van sy daelikse bedrywighede gedurende 'n gemiddelde week van sy lewe as onderwyser in 'n kommunistiese satellietland.

Op Saterdae, Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae, het hy skoolgehou vanaf 8-uur in die oggend tot 12-uur op die eersgenoemde twee dae en daarna tot 1-uur, 2-uur en 3-uur onderskeidelik. Vrydae het hy die hele dag met die kinders op die omliggende landerye gewerk — om te skoffel, te oes, ens.

Die hele Maandagmiddag moes hy die vergadering van die Rewolusionêre Vakbonde bywoon om hulp en advies te verleen.

Dinsdagmiddae en -aande moes hy wy aan die vergadering van die plaaslike takke van die Kommunistiese Party se verskillende organisasies sowel as aan die vergaderings van die Bond vir Vriendskap met die Sowjet-Unie.

Woensdagmiddae moes deurgebring word in die kantoor van die Prinsipaal van wie opdragte in besonderhede ontvang is oor take wat gedurende die res van die week onderneem moes word. Hierdie take moet hulpverlening wees aan die Kommunistiese Party of aan die plaaslike owerhede, en kon b.v. insluit kantoorwerk of 'n opname van die lewende hawe, ens.

Donderdagmiddag en -aand is dit weer onderwysers-konferensie. Daar word besluit watter landboutaak elke onderwyser en sy leerlinge moet verrig, waar dit gedoen moet word, hoe lank daaraan gewerk moet word, ens. Op hierdie konferensies word ook die rantsoen-kaartjies uitgedeel — vir klere ens.

Saterdagmiddae geskied die verpligte insameling van afvalmateriaal en in die aande moet die materiaal geweeg, gesorteer en opgeskryf word vir die owerhede se rekords.

Sondae moet die onderwyser huisbesoek doen. Hy moet van huis tot huis stap om toe te sien dat elke huisgesin goeie en tevrede kommuniste is. Hy is dan pleitbesorger en propagandis vir die kommunisme. Op hierdie dag reël hy ook om lesings te doen op sentrale plekke — waar hy die lof van die kommunisme in die openbaar moet sing.

Die onderwysers agter die ystergordyn het hul hande blykbaar maar vol.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Partystelsel In Stadsraad Wek Misnoeë

**Die partypolitiek het hom onlangs in die Kaapstadse stadsraad gaan vestig — en nie al die lede van die stadsraad hou daarvan nie.**

**'n Meerderheid van die lede van die raad het hulleself georganiseer in 'n „Burgerlike Groep," en wel nadat hulle verkies is. Die lede van die Groep sal hul eie private nie-amptelike vergaderings hou (die bekende koukusvergaderings van die partypolitiek) waar hulle sal ooreenkom oor die standpunt wat hulle op die amptelike vergaderings van die stadsraad sal inneem. En omdat die lede van die Groep die meerderheid in die stadsraad is, sal die besluite wat hulle privaat op hulle nie-amptelike vergaderings neem, outomaties die beleid van die stadsraad word.**

**Teen hierdie ontwikkeling is daar skerp teenkanting van die stadsraadslede wat nie aan die Burgerlike Groep behoort nie — en wel omdat hulle hierdeur vir alle praktiese doeleindes van medeseggenskap in die bepaling van die stadsraad se beleid beroof word.**

As gevolg van die invoering van die partypolitiek en sy skaduwee, die private koukusvergaderings, in die stadsbestuur word die stadsraad vir alle praktiese doeleindes slegs 'n rubberstempel. Die amptelike stadsraadsvergaderings sal voortaan net die stempel van wettigheid moet druk op die besluite wat die koukusvergadering van die meerderheidsgroep in die privaat neem.

Die stadsraad van Kaapstad word hierdeur gelykgeskakel met die Unie se Volksraad en Senaat wat ook maar net die besluite wettig wat die koukus van die meerderheidsparty privaat geneem het.

**VERSET**

Wat veral interessant is in verband met hierdie ontwikkeling in die Kaapstadse stadsraad is die teenstand wat deur so baie lede openbaar word teen die invoering van die partypolitiek in die stadsbestuur. Daar word o.a. aangevoer dat hierdie ontwikkeling die stad onder diktatoriale bestuur plaas van 'n geslote groep en dat die demokratiese seggenskap van al die verkose verteenwoordigers van die stadsburgers in die bepaling van die stadsraad se beleid daardeur omseil word.

**Mens wonder of die teenstanders besef dat wat hulle eintlik teenstaan niks anders is as die partystelsel nie. En as die partystelsel nie deug vir stadsbestuur nie, dan deug dit ook nie vir die landsbestuur nie. En as die koukusdiktatuur vir 'n stad afgekeur word dan moet dit ook vir die land afgekeur word.**

Indien die partypolitiek hom in die stadsbesture gaan vestig, dan volg dit soos die dag op die nag dat daar binnekort oral in ons land se dorpe en stede 'n „Burgemeester" en 'n „Leier van die burgemeester se opposisie" sal wees. Mag ons asseblief van so 'n ramp bewaar word.

memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

O.B.
VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*